


# PADDABLAAS SY TUISTE

J.H. van Wyk

Die Langtoon-vleipadda (*Kassina wealei*) wat deur die Herpetologiedepartement van die Nasionale Museum versamel is en deur dr D.J. Kok van die Dierkunde departement, Universiteit van die Oranje-Vrystaat ondersoek is, het moontlik 'n nuwe parasietespesies opgelewer. Dr Kok het 'n Trematoda-parasiet in die blaas van

hierdie paddas gekry en deur intensiewe navorsing die lewensiklus van hierdie parasiet probeer ontrafel. Die onderstaande diagram is 'n verkorte weergawe van die lewensiklus van hierdie parasiet. Dit is interessant om te sien hoe die lewensiklus van die parasiet sinchroniseer met dié van die padda.



Lewensiklus van die parasiet, *Polystoma* sp. in die blaas van die Langtoon-vleipadda.